Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
iSebe leMfundo leNtshona Koloni

Navrae / Enquiries / iMibuzo: Dr. I.J. Pretorius
Verwysing / Reference / Ubhekiso: 13/12/8/B
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 403-6437

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: Kaapstad
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967
Datum/Date / Umhla: 6 Maart 1998

AAN:

HOOFDE VAN OPENBARE SKOLE

OMSENDBRIEF 32/98

IMMUNISERINGSPROGRAMME IN WKOD-SKOLE DEUR PRIVAAT INSTANSIES

1. Privaat instansies mag slegs immuniseringsprogramme in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se skole uitvoer indien hulle oor akkreditasie by die Provinsiale Departement van Gesondheid (PDG) beskik en die skriftelike verlof van die Onderwyshoof daartoe het.

2. Die WKOD is egter op 16 Februarie 1998 deur die PDG in kennis gestel dat laasgenoemde departement nie meer oor die kapasiteit beskik om een van die voorwaardes van akkreditasie, nl. die monitering van die behoud van gehalte- en veiligheidstandaarde te kan nakom nie en daarom die akkreditasie van alle privaat immuniseringsinstansies op 31 Maart 1998 opskort.

3. Skoolhoofde moet asseblief kennis neem dat privaat instansies nie toegelaat mag word om na 31 Maart 1998 immuniseringsprogramme in enige WKOD skool uit te voer nie.

4. Die WKOD aanvaar derhalwe geen aanspreeklikheid vir enige gebeure wat mag voortspruit uit immuniseringsprogramme of gedeeltes daarvan wat na 31 Maart 1998 deur *privaat instansies* in WKOD-skole uitgevoer word nie.

U samewerking sal waardeer word.

B.P. O'CONNELL
HOOF: ONDERWYS